Hoewel die TIP die onderrigtaal van formele lesings spesifiseer, is dié lesings slegs een komponent van die leerdergerigte benadering tot leer en onderrig. Die Fakulteit gebruik tradisioneel verskeie aanvullende en gefasiliteerde leergeleenthede bo en behalwe formele lesings, bv. 'n wye reeks tutoriale en portuur-mentorskappeleenthede word in Afrikaans en Engels en/of dubbelmedium aangebied ooreenkomstig studente se voorkeurtaal. Behalwe die gefasiliteerde leergeleenthede, het sommige modules doelbewus ten gunste van die gebruik van dubbelmedium in klasse besluit om pedagogiese doelwitte (bv. uiteenlopende uitgangspunte) te bereik wat veeltaligheid kan help ontwikkel.

² Hierdie plan vervang alle vorige weergawes en is SLEGS geldig vir die 2023 akademiese jaar.

3) Taalgebruik in Onderrig en Leer

Die Fakulteit se TIP vir 2023 is in Aanhangsel A vervat. Die Fakulteit sal voortgaan om voorgraadse BCom-programme in die volgende taalopsies aan te bied: afsonderlike Afrikaanse en Engelse lesings (parallelmedium) (7.1.3 in die US-taalbeleid); Afrikaans en Engels in een klaskamer (dubbelmedium) (7.1.4 in die US-taalbeleid); en, in uitsonderlike gevalle, word sommige modules slegs in Engels of in Afrikaans aangebied (enkelmedium). In laasgenoemde gevalle word 'n tolkdienst voorsien na gelang van behoefte en haalbaarheid (7.1.5 in die US-taalbeleid).

Die meeste voorgraadse modules (in al die studiejare) wat deur die Skool vir Rekeningkunde (SvR) aangebied word, word in beide Engels en Afrikaans aangebied (parallelmedium). Dit is belangrik om daarop te let dat al hoe minder studente jaarliks vir SvR-modules wat in Afrikaans aangebied word, inskryf. Hierdie verandering is onafwendbaar gegewe die feit dat die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) se professionele eksamens vanaf Januarie 2022 slegs in Engels afgelê kan word. Die SvR het die taal van professionele eksamens in diepte met SAIGR bespreek. Besprekings het ook op hoër vlak tussen lede van die Rektoraat en die bestuur van SAIGR plaasgevind en daar is aangedui dat die professionele eksamens voortaan slegs in Engels sal plaasvind.

Soos voorheen sal alle voorgraadse diplomaprogrammodules by die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) in enkelmedium (Engels) aangebied word. Dit is deur die studenteprofiel, afleweringmetode (insluitend die hibriede metode) en studentegetalle genoodsaak. Die (voorgraadse) Diploma in Volhoubare Ontwikkeling en die Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling (wat vanaf 2023 aangebied word) maak in groot mate staat op ervaringsleer; derhalwe leen die pedagogiese benadering hom nie tot intydse tolking nie (bv. sessies word buite by toepaslike terreine aangebied en sessies sluit praktiese leer, groepwerk, veldwerktoere, ens. in. In die geval van albei die programme verwys van aangesig tot aangesig onderrig nie na tradisionele lesings nie.

Die twee programme beskik oor relatief klein studentegetalle en studente se kultuur, taal en agtergrond verskil grootliks. In 2022, het slegs een student in die eerstejaarskohort Afrikaans as huistaal gelys, terwyl van die ander groepe se huistaal hoofsaaklik isiZulu is. Die fasiliteerders van die programme is meestal ad hoc-personeel van buite die universiteit wat nie Afrikaans of isiXhosa magtig is nie en derhalwe nie in hierdie tale onderrig kan gee nie.

Daar is steeds plek vir veeltaligheid in die programme, bv. studente gebruik hul voorkeurtaal om idees in kleingroepe te bespreek. Fasiliteerders wat ander tale magtig is, kommunikeer met kleingroepe in daardie tale. Weens die aard van die sessies en die metodes wat gebruik word, help studente mekaar wanneer dit vir hulle moeilik is om hulself in Engels uit te druk. Die program sluit ondersteuning in om studente se kommunikasievaardighede te ontwikkel ongeag hul eerste taal, bv. by wyse van inisiatiewe soos geskeduleerde sessies by die Skryflaboratorium, die *ReadTheory*-program (om studente te help om met begrip te lees) en Strategiese Kommunikasie-modules.

Veranderings aan die taalspesifikasies van voorgraadse modules in 2023 as gevolg van programvernuwingsprosesse

Daar is veranderings aan die taalspesifikasies van modules aangebring. Nuwe modules sal ook in 2023 geïmplementeer word.

Veranderings aan die taalspesifikasies van modules

Die volgende taalspesifikasieverandering sal in 2023 gemaak word:

- Bedryfsielkunde 214 is voorheen in parallelmedium aangebied en sal vanaf 2023 in dubbelmedium aangebied word. Dit is 'n relatief klein module met 96 studente, waarvan slegs 13 aangedui het dat Afrikaans hulle voorkeur onderrigtaal is. Slegs een of twee van hierdie studente woon die Afrikaanse klas by. Die menslike hulpbronne, tyd en energie wat benodig word om die Afrikaanse klas vir twee studente aan te bied, is nie regverdigbaar nie. Intydse tolking sal beskikbaar gemaak word vir Afrikaanse studente, terwyl opsommings en skyfies in beide Afrikaans en Engels beskikbaar sal wees. Studente is welkom om dosente te konsulteer in die taal van hulle voorkeur.
- Besigheidsanalities 348 is voorheen in dubbelmedium aangebied en sal vanaf 2023 in enkelmedium aangebied word. Die module gaan oor die visualisering van data en inligting. Daarom vereis die natuur van hierdie module die verandering. Die terminologie en tegniese leer materiaal word deur Microsoft verskaf en is slegs in Engels beskikbaar. Die wysiging word verder genoodsaak omdat die vakterminologie nie in Afrikaans bestaan nie en dosente dikwels Afrikaanse terminologie moet skep. Aangesien die dosent beide Afrikaans en Engels magtig is, kan studente steeds vrae in beide Afrikaans en Engels in die lesings en tutoriale vra.
- Projekbestuur 314 is voorheen in parallelmedium aangebied en sal vanaf 2023 in dubbelmedium aangebied word. Die aantal studente wat die Afrikaanse klas bywoon het aansienlik afgeneem. Die menslike hulpbronne, tyd en energie wat benodig word om die Afrikaanse klas vir twee studente aan te bied, is nie regverdigbaar nie. Intydse tolking sal beskikbaar gemaak word vir studente, terwyl opsommings en skyfies in beide Afrikaans en Engels beskikbaar sal wees. Studente is welkom om met dosente te konsulteer in hulle taal van voorkeur. Die tabel hieronder gee meer inligting.

Jaar	Aantal geregistreerde studente	Afrikaans as voorkeur-onderrigtaal	Aantal studente wat Afrikaanse klas bywoon	Engels as voorkeur-onderrigtaal	Aantal studente wat Engelse klas bywoon
2021	285	62	1	223	110
2022	194	19	1	175	120

Die taalspesifikasies van nuwe modules

Die volgende nuwe modules in die Fakulteit sal vanaf 2023 aangebied word:

- Die volgende modules is ontwikkel as deel van die Skool vir Rekeningkunde se akademiese vernouing en sal vanaf 2023 aangebied word. Dit is in ooreenstemming met SAIGR se CA2021 vereiste graduandi-eienskappe:
 - Digitale en Leierskapsvernouing 112 sal aangebied word in parallelmedium
 - Digitale en Leierskapsvernouing 122 sal aangebied word in dubbelmedium
 - Digitale en Leierskapsvernouing 142 sal aangebied word in dubbelmedium
 - Digitale en Leierskapsvernouing 152 sal aangebied word in dubbelmedium
 - Digitale en Leierskapsvernouing 162 sal aangebied word in dubbelmedium
 - Digitale en Leierskapsvernouing 212 sal aangebied word in dubbelmedium
 - Digitale en Leierskapsvernouing 242 sal aangebied word in dubbelmedium
 - Digitale en Leierskapsvernouing 324 sal aangebied word in parallelmedium

- Die volgende modules is ontwikkel as deel van die BDatSci-program en sal vanaf 2023 vir die eerste keer aangebied word. Hierdie modules sal alles in enkelmedium (Engels) aangebied word.
 - Gedragseconomie 441
 - Ekonometrie 441
 - Makro-ekonomie 441
 - Mikro-ekonomie 441
 - Gevorderde Lineêre Programmering 441
 - Metaheuristika 413
 - Metodes van Operasionele Navorsing 441
 - Sisteemdinamika 441
 - Bayes-statistiek 441
 - Datawetenskap-navorsingswerkstuk 441
 - Inleiding tot Statistiese Leerteorie 441
 - Masjienleer 441
 - Meerveranderlike Analise A 414
 - Meerveranderlike Analise B 441
 - Stogastiese Simulasie 441
 - Tydreeksanalise 441

- Die Voorgraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling het aansienlike akademiese vernuwing ondergaan. Nuwe modules sal vanaf 2023 geïmplementeer word. Hierdie modules sal in enkelmedium (Engels) aangebied word:
 - Ekologiese Geletterdheid 177
 - Groen Ekonomie 278
 - Internskap 379
 - Regeneratiewe Leierskap 177
 - Regeneratiewe Leierskap 278
 - Regeneratiewe Leierskap 379
 - Sosiale Veranderinge 278
 - Sosiale Entrepreneurskap 177
 - Sosiale Entrepreneurskap 278
 - Sosiale Entrepreneurskap 379
 - Strategiese Kommunikasie 177
 - Strategiese Kommunikasie 278
 - Strategiese Kommunikasie 379
 - Volhoubaarheidsperspektiewe 177
 - Volhoubaarheidsverslagdoening 379
 - Volhoubare Ontwerp 177
 - Volhoubare Ontwerp 278
 - Wêreldsiening 177

- Die Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling word vir die eerste keer in 2023 aangebied. Die modules sal in enkelmedium (Engels) aangebied word
 - Entrepreneurskapsinkubator 171
 - Navorsingsbenaderings 131

- o Sakeplanne en -strategieë 121
- o Volhoubaarheid in die Digitale Era 111

4) Administrasie- en bestuurstaal

Besluite rakende die administrasie- en bestuurstaal is op die bevordering van begrip en inklusiwiteit gemik. In die algemeen sluit kommunikasie vir administratiewe doeleindes beide Afrikaans en Engels in, wat impliseer dat alle amptelike, geskrewe dokumente in Afrikaans en Engels sal wees. Kommunikasie met huidige en voornemende studente sal ooreenkomstig die taalvoorkeur van 'n student in Afrikaans of Engels wees. Op nagraadse vlak sal kommunikasie hoofsaaklik in Engels wees. Dit sal egter ook die onderrigtaal van die verskillende departemente weerspieël.

Die taal van e-pos-kommunikasie tussen personeel word nie voorgeskryf nie, maar daadwerklike pogings word aangewend om te verseker dat kommunikasie in die taal plaasvind wat deur alle ontvangers verstaan word. Dit verminder die vertalingstyd en -koste van e-pos. In vergaderings sal omstandighede en die deelnemers die voertaal bepaal.

5) Kanale vir terugvoer rakende implementering

Studente en personeel kan terugvoer oor die implementering van die taalplan verskaf deur middel van die Fakulteit se bestaande studentestruktuur, naamlik die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Studentekomitee (EBSK), asook die fakulteitskomitee. Vir verdere terugvoer gebruik studente ook die gewone module-terugvoermetodes. In die praktyk rig studente meestal hul taal terugvoer regstreeks aan die dosent of die voorsitter van 'n departement, en gebruik slegs formele kanale indien die kwessie nie opgelos word nie.

6) Ten slotte

Die Taalimplementeringsplan vir 2023 ondersteun die US se Visie 2040 en die Strategiese Raamwerk 2019 – 2024. Onvoorsiene afwykings van hierdie plan sal in ooreenstemming met die Universiteit se Taalbeleid voorgelê word.

Aanhangsel A: Taalaanbod van individuele modules in 2023

Departement	Modulenaam	Jaar-gang	Taalspesifikasie In 2023	Krediete 2023
Ondernemings- bestuur	Ondernemingsbestuur 113	1	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Ondernemingsbestuur 142	1	Parallelmedium	6
Ondernemings- bestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214	2	Parallelmedium	16
Ondernemings- bestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 244	2	Parallelmedium	16
Ondernemings- bestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318	3	Parallelmedium	24
Ondernemings- bestuur	Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 348	3	Parallelmedium	24
Ondernemings- bestuur	Uitruilsemester 342	3	Enkelmedium	60
Ondernemings- bestuur	Finansiële Bestuur 214	2	Parallelmedium	16
Ondernemings- bestuur	Finansiële Bestuur 244	2	Parallelmedium	16
Ondernemings- bestuur	Finansiële Bestuur 314	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Finansiële Bestuur 332	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Finansiële Bestuur 352	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Finansiële Bestuur 354	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Finansiële Beplanning 314	3	Parallelmedium	24

Ondernemings- bestuur	Finansiële Beplanning 344	3	Parallelmedium	24
Ondernemings- bestuur	Beleggingsbestuur 254	2	Parallelmedium	16
Ondernemings- bestuur	Beleggingsbestuur 314	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Beleggingsbestuur 324	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Beleggingsbestuur 344	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Beleggingsbestuur 348	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Beleggingsbestuur 354	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Bemarkingsbestuur 214	2	Parallelmedium	16
Ondernemings- bestuur	Bemarkingsbestuur 244	2	Parallelmedium	16
Ondernemings- bestuur	Bemarkingsbestuur 314	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Bemarkingsbestuur 324	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Bemarkingsbestuur 344	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Bemarkingsbestuur 354	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314	3	Parallelmedium	12
Ondernemings- bestuur	Strategiese Bestuur 344	3	Parallelmedium	12
Ekonomie	Gedragsekonomie 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	10
Ekonomie	Ekonomie 114	1	Parallelmedium	12

Ekonomie	Ekonomie 144	1	Parallelmedium	12
Ekonomie	Ekonomie 214	2	Dubbelmedium	16
Ekonomie	Ekonomie 244	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.)	16
Ekonomie	Ekonomie 281	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.)	32
Ekonomie	Ekonomie 288	2	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.)	32
Ekonomie	Ekonomie 318	3	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.)	24
Ekonomie	Ekonomie 348	3	Dubbelmedium	24
Ekonomie	Ekonomie 381	3	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.)	24
Ekonomie	Ekonomie 388	3	Enkelmedium (Aangebied in dubbel- én	24

			enkelmedium, maar kan nie so weergegee word op die stelsel nie.) (Afwyking goedgekeur by Fakulteitsraad van 3 Maart 2023.	
Ekonomie	Ekonometrie 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	20
Ekonomie	Makro-ekonomie 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Ekonomie	Mikro-ekonomie 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Mensekapitaal-berekening 344	3	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 114	1	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 144	1	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 214	2	Dubbelmedium	16
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 224	2	Parallelmedium	16
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 252	2	Parallelmedium	8
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 252	2	Parallelmedium	8
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 262	2	Parallelmedium	8
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 314	3	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 324	3	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde 348	3	Enkelmedium	24
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) 132	1	Enkelmedium	6
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde (Spesiaal) 244	2	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Bedryfsielkunde (Spesiaal) 354	3	Enkelmedium	12

Bedryfsielkunde	Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 312	3	Enkelmedium	12
Bedryfsielkunde	Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie 344	3	Enkelmedium	12
Logistiek	Gevorderde Lineêre Programmering 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	16
Logistiek	Besigheidsanalities 214	2	Dubbelmedium	16
Logistiek	Besigheidsanalities 244	2	Dubbelmedium	16
Logistiek	Besigheidsanalities 318	3	Dubbelmedium	24
Logistiek	Besigheidsanalities 348	3	Enkelmedium	24
Logistiek	Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144	1	Parallelmedium	12
Logistiek	Inligtingstelsels 112	1	Enkelmedium	6
Logistiek	Logistieke Voorsieningskettingbestuur 214	2	Enkelmedium	16
Logistiek	Logistieke Voorsieningskettingbestuur 244	2	Enkelmedium	16
Logistiek	Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 314	3	Enkelmedium	12
Logistiek	Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 324	3	Enkelmedium	12
Logistiek	Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 344	3	Enkelmedium	12
Logistiek	Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 354	3	Enkelmedium	12
Logistiek	Metaheuristika 413 (nuwe module)	4	Enkelmedium	16

Logistiek	Metodes van Operasionele Navorsing 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 214	2	Dubbelmedium	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 244	2	Dubbelmedium	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 314	3	Dubbelmedium	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 322	3	Dubbelmedium	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 344	3	Dubbelmedium	16
Logistiek	Operasionele Navorsing 352	3	Dubbelmedium	16
Logistiek	Projekbestuur 314	3	Dubbelmedium	24
Logistiek	Sisteedinamika 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	16
Logistiek	Vervoerekonomie 214	2	Dubbelmedium	16
Logistiek	Vervoerekonomie 244	2	Dubbelmedium	16
Logistiek	Vervoerekonomie 318	3	Dubbelmedium	24
Logistiek	Vervoerekonomie 348	3	Dubbelmedium	24
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 112	1	Enkelmedium	8
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 142	1	Enkelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 211	2	Enkelmedium	18
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 241	2	Enkelmedium	22

Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 311	3	Enkelmedium	24
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 341	3	Enkelmedium	24
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Aktuariële Wetenskap 371	3	Enkelmedium	32
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Bayes-statistiek 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Datawetenskap 141	1	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Datawetenskap 241	2	Enkelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Datawetenskap 314	3	Enkelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Datawetenskap 344	3	Enkelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Datawetenskap-navorsingswerkstuk 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	40
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Waarskynlikheidsleer en Statistiek 144	1	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Ingenieurstatistiek 314	3	Dubbelmedium	15
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risikobestuur 212	2	Dubbelmedium	8

Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risikobestuur 242	2	Enkelmedium	8
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risikobestuur 252	2	Dubbelmedium	6
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risikobestuur 314	3	Dubbelmedium	24
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Finansiële Risikobestuur 344	3	Dubbelmedium	24
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Inleiding tot Statistiese Leerteorie 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Masjienleer 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 214	2	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 245	2	Dubbelmedium	8
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 246	2	Dubbelmedium	8
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 312	3	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 316	3	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 344	3	Dubbelmedium	16

Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Wiskundige Statistiek 364	3	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Meerveranderlike Analise A 414 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Meerveranderlike Analise B 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 214	2	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 224	2	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 244	2	Dubbelmedium	16
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 318	3	Dubbelmedium	24
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek 348	3	Dubbelmedium	24
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Statistiek en Datawetenskap 188	1	Parallelmedium met praktiese sessies in <u>Dubbelmedium</u> (Afwyking goedgekeur by Fakulteitsraad van 3 Maart 2023)	18
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Stogastiese Simulasie 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Renterekening 152	1	Parallelmedium	6

Statistiek en Aktuariële Wetenskap	Tydreeksanalise 441 (nuwe module)	4	Enkelmedium	12
Skool vir Rekeningkunde	Ouditkunde 288	2	Parallelmedium	24
Skool vir Rekeningkunde	Ouditkunde 378	3	Parallelmedium	24
Skool vir Rekeningkunde	Ouditkunde 388	3	Parallelmedium	24
Skool vir Rekeningkunde	Besigheidsetiek 214	2	Parallelmedium	8
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 112 (nuwe module)	1	Parallelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 122 (nuwe module)	1	Dubbelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 142 (nuwe module)	1	Dubbelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 152 (nuwe module)	1	Dubbelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 162 (nuwe module)	1	Dubbelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 212 (nuwe module)	2	Dubbelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 242 (nuwe module)	2	Dubbelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Digitale en Leierskapsvernuf 324 (nuwe module)	3	Parallelmedium	6

Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 178	1	Parallelmedium	24
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 179	1	Parallelmedium	26
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 188	1	Parallelmedium	24
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 278	2	Parallelmedium	32
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 288	2	Parallelmedium	32
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 379	3	Parallelmedium	48
Skool vir Rekeningkunde	Finansiële Rekeningkunde 389	3	Parallelmedium	48
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 114	1	Parallelmedium	12
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 144	1	Parallelmedium	12
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 214	2	Parallelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Inligtingstelsels 242	2	Parallelmedium	6
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 278	2	Parallelmedium	30
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 288	2	Parallelmedium	24
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 378	3	Parallelmedium	36
Skool vir Rekeningkunde	Bestuursrekeningkunde 388	3	Parallelmedium	48
Skool vir Rekeningkunde	Belasting 298	2	Parallelmedium	24
Skool vir Rekeningkunde	Belasting 388	3	Parallelmedium	24

Skool vir Rekeningkunde	Belasting 399	3	Parallelmedium	36
Skool vir Publieke Leierskap	Toegepaste Institusionele Kapasiteitsbestuur 173*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Toegepaste Institusionele Samewerking 175*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Toegepaste Openbare Aanspreeklikheid 171*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Toegepaste Openbare Finansiële Rekeningkunde 177*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Sakeplanne en Strategieë 121 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Ontwikkeling van Volhoubare Stede 371*	3	Enkelmedium	10
Skool vir Publieke Leierskap	Beskawing, Revolusie en Leierskap 271*	2	Enkelmedium	10
Skool vir Publieke Leierskap	Voldoening en Beheer 251*	2	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Voldoening en Beheer: Bate- en Aankopebestuur 122*	1	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Voldoening en Beheer: Begrotingsproses 121*	1	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Kommunikasie- en skakelingstudies 371*	3	Enkelmedium	10
Skool vir Publieke Leierskap	Ekogeletterdheid vir die 21ste eeu 271*	2	Enkelmedium	10
Skool vir Publieke Leierskap	Ekogeletterdheid 177 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Entrepreneurskap-inkubator 171 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	60

Skool vir Publieke Leierskap	Groen Ekonomie 278 (nuwe module)*	2	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Beeld en Storievertelling vir Veranderingmakers 271*	2	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Internskap 379*	3	Enkelmedium	40
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Gedrag 142*	1	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Gedrag 241*	2	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Kapasiteitsbestuur 171*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Kapasiteitsbestuur 271*	2	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Samewerking 182*	1	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Samewerking 281*	2	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Prestasiebestuur 191*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Institusionele Prestasiebestuur 291*	2	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Mentorskap en Fasilitering 371*	3	Enkelmedium	10
Skool vir Publieke Leierskap	Persoonlike Gedrag en Integriteit 174*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare Aanspreeklikheid 161*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare Aanspreeklikheid 261*	2	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114	1	Enkelmedium	12

Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 144	1	Enkelmedium	12
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 212	2	Enkelmedium	8
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 222	2	Dubbelmedium	8
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 242	2	Dubbelmedium	8
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 252	2	Dubbelmedium	8
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314	3	Dubbelmedium	12
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 324	3	Dubbelmedium	12
Skool vir Publieke Leierskap	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 348	3	Dubbelmedium	24
Skool vir Publieke Leierskap	Regeneratiewe Leierskap 177 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	10
Skool vir Publieke Leierskap	Regeneratiewe Leierskap 278 (nuwe module)*	2	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Regeneratiewe Leierskap 379 (nuwe module)*	3	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Navorsingsbenaderings 131 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Impak en Betrokkenheid 271*	2	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Veranderinge 278 (nuwe module)*	2	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Entrepreneurskap 177 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Entrepreneurskap 278 (nuwe module)*	2	Enkelmedium	40
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Entrepreneurskap 379 (nuwe module)*	3	Enkelmedium	40

Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap 271*	2	Enkelmedium	35
Skool vir Publieke Leierskap	Sosiale Entrepreneurskap 371*	3	Enkelmedium	30
Skool vir Publieke Leierskap	Strategiese Kommunikasie 177 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Strategiese Kommunikasie 278 (nuwe module)*	2	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Strategiese Kommunikasie 379 (nuwe module)*	3	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubaarheid in die Digitale Era 111 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	30
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubaarheids-perspektiewe 177 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubaarheids-verslagdoening 379 (nuwe module)*	3	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubare Ontwerp 177 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubare Ontwerp 278 (nuwe module)*	2	Enkelmedium	20
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubare Ontwerp-tegnologieë 271*	2	Enkelmedium	15
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubare Ontwikkeling en Internskap 371*	3	Enkelmedium	40
Skool vir Publieke Leierskap	Volhoubare Verslagdoening, Monitering en Evaluering 371*	3	Enkelmedium	10
Skool vir Publieke Leierskap	Wêreldsieninge 177 (nuwe module)*	1	Enkelmedium	15

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen)	Akademiese Geletterdheid vir EBW 111	1	Dubelmedium (sonder tolking)	12
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen)	Wiskunde vir EBW 171	1	Parallelmedium	18
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Algemeen)	Inleiding tot Ekonomie 141	1	Dubelmedium (sonder tolking)	12

*Modules wat deel is van die voorgraadse diplomas wat deur die Skool vir Publieke Leierskap aangebied word.

Uittreksel uit die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch van Desember 2021 (alle onderafdelings is van toepassing op die opsies wat in die tabel hierbo aangedui is):

7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van verskillende taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie in programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing intydse tolking beskikbaar. Gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking op versoek van 'n fakulteit beskikbaar, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdien gebruik maak, kan dit gestaak word.

7.1.5 In die volgende gevalle sal lesings in slegs een taal aangebied word:

7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.

7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

(a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US intydse tolking in Engels beskikbaar. Indien die lesings in die eerstejaarmodules in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans beskikbaar, en gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US intydse tolking beskikbaar op 'n fakulteit se versoek, indien die behoeftes van die studente die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdien gebruik maak, kan dit gestaak word.

(b) Benewens lesings, is daar toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels.

7.1.5.3 Waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistentie die nodige taalvaardigheid het en instem om dit te doen.